Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

Radiografie 383 (RAW 383)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Module-inhoud	Kardiovaskulêre stelsel: Beeldingsapparaat: laserbeelding en droë laserbeelding. Konstruksie, funksionering en films. Digitale subtraksie-angiografie en beeldmanipulasie, besigtigingsvaslegging en stoor van beelde. Beginsels en apparaatoorwegings vir kardio-angiografie en angiografie. Selektiewe angiografie. Intervensietegnieke (vaskulêr en nievaskulêr). Venografie. Seldingertegniek, kontrasmiddels, medikasie, kateters, gidsdrade en bykomstighede. Gehalteversekering en gehaltebeheer. Pasiëntsorg. Medies-geregtelike aspekte. Navorsing. Gevallestudies. Patroonherkenning. Kliniese ervaring en evaluering. Kliniese evaluering van uitskeidingsurogram wat teoreties in die tweede jaar behandel is. Mammografie: Inleiding en sagteweefsel-radiografie. Kommunikasie en gesondheidsbevordering. Medies-geregtelike aspekte. Hantering van borspatologie, pasiëntsorg en behandelingsopsies. Mammografie-apparaat. Stralingsveiligheid en blootstellingsfaktore. Beeldreseptore. Prosesseringsvereistes. Posisioneringsbeginsels en spesiale prosedures. Sistematiese evaluering van beelde. Verskillende modaliteite of apparate om die mamma te demonstreer. Gehalteversekering en gehaltebeheer. Gevallestudies. Patroonherkenning. Kliniese ervaring en evaluering. Histerosalpingografie: Besprekingsprosedures, pasiënt-radiograaf-verhouding, prosedure-oorwegings en evalueringskriteria. Patroonherkenning. Beendigtheid: Beginsels, beenbiologie en -vorming, osteoporose, kernvaardighede vir radiograwe, fisiese beginsels van dubbel X-straalabsorpsiemeting en ander beendigtheidsmetingtegnieke. Kliniese ervaring. Ultraklank: Algemene beginsels. Kliniese ervaring. Rekenaartomografie: Beeldingsbeginsels – konvensioneel en spiraal. Faktore wat die beeldgehalte beïnvloed. Kontrasmiddels. Protokol vir verskillende ondersoeke. Pasiëntsorg. Gevallestudie. Navorsing. Patroonherkenning. Kliniese ervaring en evaluering. Magnetiese resonansie: Beeldingsbeginsels en beeldeienskappe. Kontrasmiddels. Protokol vir verskillende ondersoeke. Pasiëntsorg. Kliniese ervaring. Miëlografie. Navorsingsprojek. Kliniese evaluering en filmevaluering wat teoreties behandel is in die eerste en tweede jaar.
Modulekrediete	50.00
Programme	BRad Diagnostiek
Voorvereistes	FSG 251, FSG 252, FSG 262, GNK 286, RAN 280, RAW 281, RAW 286, RAW 283, RBG 281, RFI 210
Kontaktyd	1 lesing per week, 1 seminaar per week, 4 besprekingsklasse per week

Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Radiografie
Aanbiedingstydperk	Jaar

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.